
# 248 Kom, o juigend skare, kom




Heel die aarde is sy veld,
gretig om sy lof te meld!
Koring, onkruid, wat ons saai,
skiet op tot die tyd vir maai.
Eers die blad en dan die aar,
dan's die ryke oeste daar!
Here van die oes, gee my
dat ek U my lewe wy.

Want die Here God sal kom,
gerwe samel hier vir Hom;
engele daartoe beveel
om te suiwer die geheel:
Onkruid wegdoen uit sy skuur,
weg werp in verterend vuur;
maar die koring sal Hy daar
in sy skuur vir goed bewaar.

Dan Heer, in die laaste uur,
haal hul na die hemelskuur.
Bring hul, Heer, waar sonderoes,
smart hul nooit meer kan verwoes,
waar hul, ewig suiwer nou,
U in heerlikheid aanskou.
Skare, hef die oeslied aan;
mag ons hoor. Dis welgedaan!

Henry Alford (1810-71) G.J. Elvey (1816-93)